# U REGTE AS 'N GEESTES-GESONDHEIDSORGGEBRUIKER (ARTIKEL 17 VAN DIE WET OP GESSTESGESONDHEIDSORG, NR 17/2002)

1. Daar moet altyd aggeslaan word op wat in die beste belang is van u geestesgesondheidsgebruiker.
2. U is daarop geregtig om met respek en waardigheid behandel te word.
3. U is geregtig op privaatheid (binne die perke van beskikbare hulpbronne en fasiliteite).
4. U het die reg om behandeling/toelating te weier tensy die procedures gevolg word vir die toediening van nood-, hulp- of nie-vrywillegesorg, of tensy u 'n staatspasiënt is of 'n pasiënt wat geestelik siek is.
5. Daar kan nie teen gediskrimineer word op grond van u gesstesgesondheidstatus nie.
6. U mag nie uitgebuit of mishandle word nie. U mag nie behandeling ontvang wat u verneder nie of u mag nie onderwerp word aan gedwonge arbeid nie.
7. Indien u of enigiemand anders mishandeling waarneem, moet u dit rapporteer deur gebruik te maak van Vorm 02 van die Wet op Geestesgesondheid.
8. U geestesgesondheidstatus kan slegs gebruik word wanneer dit van toepassing is op die saak voorhande.
9. Inligting oor uself ten opsigte waarvan u ingevolge enige ander wet geregtig is om dit

health
Department of the Health
FREE STATE PROVINCE

www.fs.gov.za

vertrouelik te hou, moet vertrouelik gehou word, tensy versuim om sodanige inligting bekend te maak u gesondheid of die gesondheid van ander mense ernstig kan benadeel.

10. U kan op ‘n tydelike gondslag toegang geweier word tot inligting in u rekords indien ‘n gesondheidsorgverskaffer van mening is dat sodanige toegang u ernstig kan benadeel of dat dit kan veroorsaak dat u sodanig optree om ander mense te benadeel.
11. Die hoof van ‘n gesondheidsinrigting kan u regte inperk wat betref intieme volwasse vehoudinge wat wedersyde toestemming vereis, slegs waar u nie in staat is om ingeligte toestemming te gee weens u geestesongesteldheid. (Dit is van toepassing binne die perke van die fasiliteite van die gesondheidsinrigting).
12. U is daarop geregtig om appél aan te teken teen ‘n aansoek en / of ‘n besluit om u toe te laat / te behandel as ‘n onvrywillige gebruiker of ‘n gebruiker wat bygestaan moet word.
13. U is geregtig op verteenwoordiging, insluitende regsverteenwordiging, wanneer u ‘n aansoek indien, ‘n appél aanteken, of voor ‘n landdros of regter of hersieningsraad moet verskyn. Indien u behoeftig is kan u aansoek doen om verteenwoordig te word deur ‘n regspraktisyn wat deur die Staat voorsien word.
14. U is daarop geregtig om ‘n ontslagverslag te ontvang wanneer u as binnepasiënt ontslaan word.
15. U is daarop geregtig om beskerming te geniet ingevolge enige prosedure soos neergelê in die Wet op Geestesgesondheidsorg (Wet Nr. 17 van 2002).

health
Department of
the Health
FREE STATE PROVINCE

www.fs.gov.za